
OXFORD

AFRIKAANS

# LAKADIGA

## – die geheim van die verlore stad




EERSTE ADDISIONELE TAAL
NKABV GOEDGEKEUR
GRAAD 8

TROULA GOOSEN

OXFORD letterkunde vir suider-afrika

# LAKADIGA

## – die geheim van die verlore stad

TROULA GOOSEN

Die leermateriaal vir hierdie novelle is ontwikkel deur
Anneke Butler & Corné Erasmus

Fiksieredigering deur Kobus Geldenhuys

OXFORD
UNIVERSITY PRESS
SOUTHERN AFRICA

Pippa lek oor haar lippe, maar sy kry nie 'n woord uit nie.


Die seun frons, gee 'n verleë[67] laggie en vat aan 'n ronde dingetjie agter sy oor. Toe hy opkyk, laat die oranje strepies in sy witblou oë Pippa se knieë smelt. Kan 'n alien mooi wees?

**Karakterisering** van X-zon deur die manier waarop hy praat – suiwer Afrikaans.

"Ek vra om verskoning," sê die seun nou in Afrikaans. "My interpreteerder is defek, maar gelukkig funksioneer die vertaler[68] nog. My naam is X-zon van die planeet Aarde. Kan julle my sê waar ek is?"

Chad gee 'n tree vorentoe. "X-zon, nè? Probeer jy soos 'n alien klink?" vra hy kwaad, maar sy stem bewe effens.

"Verskoon my?" X-zon se maanwit wenkbroue[69] lig.




Nogal sexy op 'n weird manier, dink Pippa terwyl sy staar na die silwer pak, wat styf om X-zon se breë skouers en gym-bene span.


67 **verleë:** skaam omdat jy 'n fout gemaak of iets verkeerd gedoen het (*embarrassed*)
68 **vertaler:** iemand of iets wat woorde oorsit in 'n ander taal (*translator*)
69 **wenkbroue:** die boog hare bokant jou oë (*eyebrows*)

## Intrige

Die **intrige** is al die **gebeure** (*plot*) in die verhaal.
Terwyl jy lees, let op hoe die verskillende gebeure met mekaar **verband hou** of **skakel** (*link*).

Die gebeure vorm 'n **storielyn**:

- Aan die begin van die verhaal word karakters aan jou **bekend gestel** (*exposition*).
- Die verhaal **ontwikkel** (*develop*) deurdat jy meer lees van wat gebeur.
- Die verhaal word interessant gemaak deur **spanning wat opbou** en die **konflik** tussen karakters.
- Tydens die **klimaks** (*climax*) bereik die verhaal 'n hoogtepunt in spanning.
- Die **afloop** en **ontknoping** (*denouement and conclusion*) is die uiteinde van die verhaal en jy lees hier hoe die spanning minder word (afloop) en die konflikte opgelos word (ontknoping).




## Konflik

'n Mens kry twee tipes konflik in 'n verhaal:

- **Innerlike konflik** kom binne 'n karakter voor wanneer iemand onseker of ongelukkig is, en nie weet wat om te kies nie.
- **Uiterlike konflik** kom tussen karakters voor wanneer hulle stry, vassit of baklei. Uiterlike konflik kan gesien of gehoor word.